

**NOORD**  
Nuus

2018  
wellington-noord  
Geloofsgemeenskap



20 Mei  
2018



pinksterfees




*Welkom by vandag se erediens!*

*Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid*

## VANDAG SE PROGRAM

	<b>Predikant</b> Ds. Francois Human	<b>Orrelis</b> Johann Enslin
09:30	<b>Erediens – Pinksterfees &amp; Nagmaal</b>	
	<b>Dienswerkers:</b> Vossie Jansen van Vuuren & Johan van Wyk	
	<b>DEUROFFER:</b> Hugenote Hoërskool – Koorfonds (Sien pamflet)	
10:45	<b>Kategese</b>	
12:00	<b>GEMEENTE-ETE – Vanaf 12:00 in Onthaalsentrum. Baie dankie aan Ilse en haar span wat so hard gewerk het om vir ons ‘n heerlike ete voor te sit.</b>	



*Baie dankie!*

Baie dankie vir verlede Sondag se bankoffer van R6 332 asook deuroffer vir Vouebegeleiding van R1 566. Baie dankie vir die gee van gereelde offers.

*thankful  
&  
grateful*

## April Insameling

Hierdie is 'n spesiale Na-oes Insameling vanaf ons boere in die distrik. Ons het R150 000 daarvoor begroot. Baie Dankie vir R121 000 wat reeds ontvang is.



## Pinkster 2018

**BAIE DANKIE** aan Ds Francois en Johan vir 'n insiggewende reis deur verskillende streke in ons eie land Suid-Afrika, vir probleme aldaar wat ons ook aan die Here kon opdra.

**BAIE DANKIE** aan Marius Otto vir elke aand se oopsluit en opstel van data projektors.

**BAIE DANKIE** aan Johann Enslin vir die orrelspel. **BAIE DANKIE** aan die Vrouediens vir elke aand se heerlike toebroodjies en sop wat al so sinoniem geraak het met Pinkster, en waar ons net heerlijk verder sosiaal kon verkeer. **BAIE DANKIE** aan ons Hemelse Vader wat alles vir ons moontlik gemaak het.

Onthou... Hy het jou met 'n doel op 'n spesifieke plek geplaas om ook daar Sy lig helder te laat skyn. **Gaan uit en Lééf dit!!**



Jaco Genis (20 – Nicola Marais (20) – Anita Kotze (21) – Zoë Reynolds (21) – Jeanette Malan (22) – Nicky Myburgh (22) – Chenelle Grobbelaar (22) – Rudi Luus (23) – Johann Reynolds 923) – Christo Henn (24) – Ansie Jansen van Vuuren (24) – Michael Jansen van Vuuren (24) – Henriëtte Henn (24) – Antoinette van Wyk (25) – Anton von Litzenborgh (25) – Meré Rossouw (25) – Jacobus van der Merwe (26) – Shawn du Plessis (26)

## Wellington Gebedsimfonie

Wellington Gebedsimfonie (maandelikse interkerklike gebedsgroep vir herlewing en sending) ontmoet weer op Sondag 20 Mei om 3:30 nm by Eerste laan 22, Wellington. Daar sal vars gebedsonderwerpe van Wellington se sendelinge wees. Almal welkom. Bring jou eie sake wat gebed nodig het. Vir meer inligting, bel Ds Attie van Wijk, 082 557 9796.



**Bybelskool:** Dinsdagaand 22 Mei om 18:30 in die konsistorie en/of Woensdagoggend 23 Mei om 09:30 in die konsistorie.

*God is die  
Sout vir die aarde*

Don't tell God how big your problems are...  
tell your problems how big your God is.

## Preke – Pinkster 2018

### **Sondaggend - Seën Suid-Afrika... Boland en Bure in twaalf tale (1Kor 15:1-11)**

Wanneer PH Nortjé skryf my voete loop na Wellington wil ek nie Worcester toe gaan nie! Hierdie pragtige deel van Suid-Afrika wat so bekend geword het, veral vir sy goeie wyn. Ons sit met 'n erfenis van Krisante skoue en die Kaapse klopse. Wellington is die oorsprong van stokkiesdraai. Die kinders moes die stokkies aanmekaar vasdraai, en het vergoeding daarvoor ontvang. Vandaar die naam stokkiesdraai as jy uit die skool wegbly. Die Paarl lê langs ons waar pionierswerk gedoen is vir Afrikaans, vandaar die Taalmonument. Dan sê Paulus dat hy deur die Genade van God is hy wat hy is. Hy wil nie iets anders wees nie. Jy het 'n plekkie in die samelewing waar jy hoort. Lukas gooi nuwe wyn in nuwe sakke want dit oorleef net een seisoen. Jy kan in die Boland net jouself wees. Jesus het nuwe Gees in elkeen geblaas. Hugo Rust sê kom ons Gee ons Beste. Landbou Boland sê hul skool is vir Hart en Hand en Hugenote Hoërskool se leuse is Mik Hoog. Paarl Gimnasium sê kom ons doen alles tot eer van die Here. Die Here stuur ons in Afrika in om 'n verskil te maak. Jy is deel van die Bolandse meebos wat geur gee. Vind jou weg waar jy dit moet doen. God gesels met jou.....

### **Sondaggaand - Kwazulu Natal (1 Joh 4:7-21)**

Durban is die grootste Hawestad van Suid-Afrika. Groot klem word geplaas op die Liefde. Dit is 'n permanente lewenswyse. Dit begin en eindig by God. God se liefde is oneindig. Hoe berei ons ons voor vir die wedloop van die lewe? Waaraan is ons anker in moeilike en maklike tye? Liefde verdryf vrees. Johannes sê waar God se liefde is behoort daar nie vrees te wees nie. Ons moet mekaar respekteer. Die Liefde van 1 Johannes 4 sê dat die Liefde alles moet oorbrug. Ons het almal vrese, maar die Liefde van Christus verdryf vrees. Laat ons respek hê vir mekaar se stories. Laat ons lewenswyse Liefde uitstraal sodat die Here in dit alles gesien kan word.

### **Maandagaand - Karoo, Tankwa en Namakwaland (Ps 121)**

Gasvryheid is die toonbeeld van die Karoo. Hoor die lied in God se hart van kom tuis. 'n Stuk hartlikheid waarin God jou wil verwelkom. Waar blom jy- of dit droog is of nie, of dit goed of sleg gaan met God se seën? Ons is ook maar reisigers hier op aarde. Ons is oppad hemel toe. Ons is van waarde daar waar ons blom, elke dag.

Ek kyk op na die berge, waarvandaan sal my hulp kom – van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Die Here sal jou beskerm waar jy ookal gaan – nou en vir altyd. God sal ons nooit verlaat nie.

### **Dinsdagaand - Tuinroete (Genesis)**

Die tuinroete sê iets van vakansie / ontspan / romanse. Die Here het in 6 dae die hemel en aarde geskep en op die sewende dag gerus. God het vir ons 'n pragtige tuinroete geskep. Ons kan nie net werk en verwag dat ons produktief moet bly nie. Gesins- en vriendskap's tyd is belangrik. Die Here wil hê ons moet die lewe vier en ook rus. Ons moet Dankbaar wees. Die seer van ander is deel van ons. Daar is 'n tyd vir alles (Prediker). Daar bestaan nie 'n woord soos "aftree" in die Bybel nie.

Die Here sê soos Hy vir ons die tuinroete gegee het, so is jy ook 'n geskenk vir hierdie wêreld – daarom kan ons nie aftree nie. Hierdie God ken jou en kan nie van jou vergeet nie. Dit is die Hoop wat ons vir ander mense moet bring.

### **Woensdagaand - Kalahari en Vrystaat**

Jesus se laaste opdrag is ons eerste opdrag – gaan en verkondig die evangelie. Ons moet die liefde van die Here aan almal bewys. Ons moet bly bid en glo – al is die aanslae hoe erg. Die God wat ons aanbid is in enige seisoen by ons. Ons sien iets lewensgewends in die Vrystaat, en dit is water. Die Oranjerivier se water is lewensgewend – maar hierdie lewensgewende stroom loop deur ons lewe – dit is die krag van die Heilige Gees. Laat die stroom vloei na ander mense. Die Here sal die groeiwerk doen. Die Here sien dat die takkie in jou 'n boom vir ander mense kan word. Jy het die potensiaal om deur die lewensgewende rivier van God 'n boom te word. God se rivier van Genade en Liefde oor jou sal nooit ophou nie.

### **Donderdagaand - Die Hoë- en Laeveld (Romeine 1:8-12)**

As 'n mens aan die Laeveld dink dink jy onwillekeurig aan die grappie van die Laeveld leeu. God lag ook saam met ons en huil ook saam met ons. Ons moet ons humor behou. Dit

Wees 'n  
Lig vir die wêreld

*Preek verwolg...* beteken nie ons lag ons probleme af nie – nl. plaasmoorde, HIV Vigs sterftes ens. Ons moet egter in moeilike tye ook die mooi deel soek. Romeine 12 sê laat julle denke vernuwe word. God's window in die Laeveld help ons om die breër prentjie te kry van 'n oop venster êrens – dit help ons om dinge in perspektief te laat sien. Dankie vir elkeen wat glo / bly glo ongeag wat die ritme van die dans is. Ons het opdrag om mekaar te bemoedig. Bly naby aan God se lippe. Mag die Here ons help om naby mekaar se lippe te bly.



Die G Voucher Project is gestig om gemeenskapslede te bemagtig om op 'n verantwoordelike manier te help, deur kos en klere aan behoeftiges te voorsien. Pleks daarvan om aan 'n hawelose geld te gee, waarmee hulle gewoonlik alkohol of dwelms koop, gee 'n mens nou aan hulle 'n "voucher" wat dan vir kos en klere ingeruil kan word. Dit beteken verder dat diegene (soms tot 50 mense) wat "vouchers" inhandig, in kontak tree met persone wat verhoudings met hulle wil bou, Bybelse waarhede en lewensvaardighede aan hulle sal leer, en saam met hulle gaan werk (bv. die groente tuin) om te sorg dat hulle 'n betekenisvolle rol in die gemeenskap kan speel.

Vrywilligers van verskillende kerke (NG Noord, NG Oos, NG Moeder, St Georges Presbiteriaanse kerk en VGK), bedienings en organisasies kry die geleentheid om by te dra tot hierdie poging tot langtermyn-verandering. NG Noord is elke vyfde week werksaam by die projek. Vrywilligers is by die middagete-program werksaam deur kos te bedien, 'n boodskap uit die Woord te deel en somer net liefde te betoon aan behoeftiges, tussen 12:00 en 13:00 elke weksdag. Wellington-Noord se diensbeurte geskied op die volgende datums, nl. 18-22 Junie; 23-27 Julie; 27 – 31 Augustus; 1-5 Oktober; 5-9 November en 10-14 Desember.

Indien u wil betrokke raak as vrywilliger of moontlik iets wil skenk skakel Johan Crous (0722890842).

## *Gebedsgids vir Bybelwerk – 20-26 Mei 2018*

**Kambodja:** Bid vir die verskillende geleenthede om ons 50ste bestaansjaar te herdenk en vir goeie verhoudings met die kerke. Bid dat die Here al ons werk sal seën. Bid dat die verkiesing in ons land in Julie vreedsaam sal verloop.

**Viëtnam:** Dank die Here dat ondanks beperkte vryheid, dit moontlik was om die Nuwe Testament in 'n aantal van ons minderheidstale te publiseer. Bid vir volgehoue beskerming van ons personeel en vertalers en dat die regering ons sal toelaat om met ons werk voort te gaan. Bid ook vir die ontwikkeling van ons verhouding met die Katolieke Kerk.

**Laos:** Dank die Here dat die teks van ons geletterdheidsprojekte deur die Onderwysdepartement aanvaar is. Bid dat ons ons boekwinkel as die belangrikste Bybelverspreidingsentrum in die hoofstad sal kan ontwikkel. Bid vir die opleiding van ons personeel in die verskillende take wat hulle moet uitvoer.

### **NGK Wellington-Noord**

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655

**Tel/Faks:** 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765

**Bankbesonderhede:** ABSA, Wellington: 430 580 019



[www.facebook.com/wellingtonnoord](http://www.facebook.com/wellingtonnoord)



**GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD:** [www.wellingtonnoord.co.za](http://www.wellingtonnoord.co.za) of

ons **FACEBOOK-BLAD:** [www.facebook.com/wellingtonnoord](http://www.facebook.com/wellingtonnoord)

### **E-pos adresse:**

Francois Human: [francois@wellingtonnoord.co.za](mailto:francois@wellingtonnoord.co.za)

Johann Crous: [crousjm@telkomsa.net](mailto:crousjm@telkomsa.net)

Marita Coetzee: [marita@wellingtonnoord.co.za](mailto:marita@wellingtonnoord.co.za)

Marius Otto: [marius@wellingtonnoord.co.za](mailto:marius@wellingtonnoord.co.za)

Johann Enslin: [jenslin@hugenoteskool.co.za](mailto:jenslin@hugenoteskool.co.za)